

AKTUEEL

DOELSTELLINGS, DOELWITTE EN KRITERIA*

Prof P.H. Kapp
 Departement Geskiedenis, US

Geskiedenis moet sy insluiting in die skoolkurrikulum kan regverdig. Dit kan nie in vae en algemene terme gedoen word nie en dit moet duidelik aantoon wat die besondere opvoedkundige vormingswaarde van Geskiedenis vir leerlinge is. Daarom is 'n rasionaal vir die onderrig van geskiedenis op skool belangrik. Die uitgebreide literatuur wat hieroor beskikbaar is, moet vir Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas en verbesonder word. In dié proses moet heelwat onkunde, vooroordeel, wantroue en engheid aangespreek word.

'n Rasionaal is noodwendig filosofies begrond.¹ Dit moet uiteindelik in algemene doelstellings en spesifieke doelwitte geoperasionaliseer word. Dit is eers wanneer die rasionaal en die doelstellings en doelwitte geformuleer is, dat op grond daarvan kriteria ontwikkel kan word. Nou is dit insiggewend dat in amptelike ondersoek aan die rasionaal, doelstellings en die doelwitte eksplisiete aandag gegee word, terwyl die kriteria oënskynlik geïgnoreer of verswyg word.² Onderzoekgroepe soos die *Working Group* in Engeland en Wallis het weliswaar in die beginstadium met eksplisiete kriteria gewerk, maar dit nie in hulle finale verslag opgeneem nie.³

Daar is veral twee redes waarom van 'n duidelike stel kriteria weggeskram word. Eerstens die bekommernis dat só 'n stel kriteria as te bindend beskou sal word en dus die pragmatiese buigsamheid waarna gestreef word, sal inhibeer. Amerikaners met wie gesprek gevoer is, het hulle oorwegend positief uitgespreek oor 'n stel kriteria wat ek aan hulle voorgelê het. Hulle het dit egter as 'n minder aanvaarbare benadering vir hulle omstandighede beskou. Met 50 onderwysdepartemente wat volkome selfstandig is, sou só 'n stel kriteria as

"too rigid" ervaar word. In Engeland weer het die feit dat daar nog nooit 'n nasionale kurrikulum vir Geskiedenis bestaan het nie, hulle uiters versigtig gemaak vir enigiets wat as te voorskrytelik of "authoritarian" beskou kon word.

'n Tweede rede waarom 'n eksplisiete stel kriteria eerder met 'n implisiete een vervang is, was die oortuiging by betrokkenes dat dit besonder moeilik sou wees om eenstemmigheid oor só 'n stel kriteria te bereik. Die strategiese vraag wat hulle hulself gestel het, was of dit nie beter sal wees om op pragmatiese wyse 'n sillabus saam te stel wetende dat hulle met 'n versweë stel kriteria werk, as om vanuit 'n stel kriteria in 'n debat vas te val oor wat die beste by bepaalde kriteria pas.

Daar is waarskynlik ook 'n derde rede wat eerder op my eie afleiding as op spesifieke mededeling berus. Dit is die vrees dat 'n stel duidelike kriteria sonder oortuigende toepassing nie aan die gesprek oor die inhoud van die sillabus genoegsaam momentum verleen nie. 'n Mens sou dalk oor kriteria geredelik konsensus kon bereik, maar vir die werklike toepassing bestaan daar soveel moontlikhede dat die kriteria eerder inhiberend as promoverend funksioneer.

Ek het begrip vir hierdie standpunte in die lig van elkeen se besondere omstandighede. In die Suid-Afrikaanse omstandighede sou dit egter 'n veel beter metode wees om die grootste moontlike konsensus oor kriteria te bereik. Die besondere aard van die Suid-Afrikaanse samelewing met sy diep verdelende faktore, sy Eerste en Derde Wêreldkomponente en sy gebrek aan gesofistikeerdheid op die gebied van infrastrukture, skep noodwendig 'n behoefte aan

* Tweede aflewering van referaat gelewer op die tweejaarlikse konferensie van die Historiese Genootskap in Bloemfontein, 16 Januarie 1992.

die daarstel van 'n vertrekpunt vanwaar sillabusse beplan, oorweeg, gekritiseer, geëvalueer en aangepas kan word. Die kombinasie rasionaal + doelstellings + doelwitte wat uitmond in 'n stel kriteria, bied so 'n vertrekpunt.

Daar is ook 'n gevestigde tradisie in Suid-Afrika van meer of minder gesentraliseerde sillabusse. Die behoefte aan duidelike leiding en spesifieke riglyne is by alle onderwysowerhede 'n gevestigde tradisie. Laastens is daar ook die behoefte om 'n kern van gemeenskaplikhede in 'n sillabus te kombineer met 'n buigsamheid en 'n ruimte vir eie inisiatief wat die besondere Suid-Afrikaanse omstandighede ten beste kan dien.

Vir die doel van hierdie artikel word die drie terme doelstellings, doelwitte en kriteria soos volg omskryf:

Doelstellings: Die algemene en ideale mikpunte wat deur die sillabus as geheel nagestreef word met die oog daarop om die leerlinge met bepaalde kennis, eienskappe en vermoëns toe te rus.

Doelwitte: 'n Stel konkrete en spesifieke dinge wat gedoen moet word en waarvan die somtotaal die verwesenliking van die doelstellings beoog.

Kriteria: 'n Stel algemeen-aanvaarbare maatstawwe aan die hand waarvan uitdrukking aan die doelstellings gegee word in die seleksie van die inhoudelike struktuur van die sillabus.

Omdat doelwitte die konkretisering en operasionalisering van die doelstellings en die praktiese toepassing van die kriteria behels en dus eers ter sprake kom wanneer daar van implementering sprake is, word hier nie daaraan verdere aandag gegee nie.

1. DOELSTELLINGS MET DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

In plaas daarvan om die doelstellings in mooi klinkende, vae en baie algemene opvoedkundige terme te stel, word dit hier afgespits op die drie belangrikste gebiede waar die vak en sy vormende nut en waarde se vernaamste bydrae geleë is.

- Die vakinhoudelike.

- Vaardighede en vermoëns.
- Gesindheidsvorming.

1.1 Doelstellings wat met die inhoud van die vak te doen het

- (i) Die verwerwing van die nodige **basiese feitekennis** en **basiese insigte** wat vir die leerling nodig is om sy wêreld te verstaan. Met sy wêreld word spesifiek bedoel dat met die heel kleinste eenheid van sy onmiddellike omgewing begin word en dat opeenvolgende en insluitende eenhede in opeenvolgende skooljare bestudeer word. So word die leerling stelselmatig gelei van sy persoonlike onmiddellike omgewing tot sy streek, kultuur, land, subkontinent en uiteindelik tot die internasionale wêreld. Deur die oorsprong, ontwikkeling en verandering van hierdie kringe oor die tyd te bestudeer, dra Geskiedenis sy besondere deel by tot die verwesenliking van die algemene doelstellings van die opvoeding en onderwys.
- (ii) Politieke kennis en insig moet stelselmatig by die leerling ontwikkel word om vir hom 'n **politieke geletterdheid** te verskaf gebou op die bestudering van konkrete politieke ontwikkelinge soos dit hierdie gemeenskaps- en belangekringe raak.
- (iii) Kennis van en insig in die oorsprong, ontwikkeling en verandering van die **kultuurlewe** en die waarde, rol en betekenis wat dit vir sy besondere gemeenskaps- en belangekringe het.
- (iv) Kennis van en insig in die oorsprong, ontwikkeling en veranderinge wat in die **ekonomiese lewe** van sy gemeenskaps- en belangekringe oor die tyd ingetree het.
- (v) Kennis van en insig in die oorsprong, ontwikkeling en veranderinge wat in **maatskaplike vorme** en verhoudinge in sy gemeenskaps- en belangekringe ingetree het.

1.2 Doelstellings wat met intellektuele vaardighede en vermoens te doen het

- (i) Die ontwikkeling van 'n historiese sin en bewussyn as 'n opvoedings- en beskawingsopgaaf. Deur die bestudering van konkrete historiese ontwikkelinge moet die leerling bewus gemaak word van die feit dat sy wêreld die resultaat is van 'n historiese ontwikkelingsproses. 'n Beskaafde en ontwikkelde mens het 'n dringende behoefte aan 'n historiese sin waarmee hy die aard, waarde en wese van sy beskawing en sy kultuur se plek en rol binne daardie beskawing kan vertolk. Hy moet ook sy beskawing en kultuur binne die perspektief van 'n verlede en 'n wêreld waarin talle beskawings en kulture bestaan of bestaan het kan begryp. So 'n historiese bewussyn impliseer 'n begrip vir die tydskonsep, tradisie, verandering, ontwikkeling en die talle begrippe en konsepte wat in dié verband gebruik word.
- (ii) Die ontwikkeling van **spesifieke intellektuele vermoëns en vaardighede** wat vir die bereiking van bogenoemde doelstellings noodsaaklik is:
- 'n **Intellektuele ryphed**, afgerondheid en verantwoordelikhedsbesef om **verskillende sienings** en vertolkings van verledegebeure te hanteer. So sal hy leer om dit ook in sy eie persoonlike lewe en wêreld te hanteer.
 - 'n **Metodologie** om uit baie individuele gegewens die essensiële te haal.
 - 'n **Ondersoekende ingesteldheid**.
 - 'n **Vermoë om vrae te formuleer** wat tot die wese van dinge deurdring.
 - 'n **Vermoë om sake te ontleed**.
 - 'n **Vermoë tot klassifikasie** van feite en 'n sintese van gebeure en ontwikkelinge.
 - Die hantering en toepassing van **konsepte**.
 - 'n **Vermoë om sy gedagtes presies**, helder en netjies uit te druk.
 - Hierdie vaardighede impliseer die ontwikkeling van 'n besondere **denkvermoë** binne die raamwerk van die eienskappe van Geskiedenis hierbo genoem.
 - **Openheid** teenoor inligting en redelikheid teenoor ander standpunte om intellektuele eerlikheid en deeglike en indringende ondersoek van feite en standpunte moontlik te maak.

- 'n **Empatiese vaardigheid** om te verstaan waarom dinge gebeur het soos hulle gebeur het en mense gedink en gehandel het soos hulle gedoen het.
- Die vermoë om bronne **krities** te ondersoek.

1.3 Doelstellings wat met die ontwikkeling van dié gesindhede wat van 'n ewewigtige, verantwoordelike en volwasse persoon in die samelewing verwag word, te doen het:

- (i) 'n **Kritiese waardering** vir sy eie en ander kultuurwaardes en wêreld.
- (ii) 'n **Perspektiwiese** houding teenoor vraagstukke, probleme, uitdagings en hulle hantering.
- (iii) Die belangrikheid van **eie waardes en norme** aan die hand waarvan vraagstukke, probleme en uitdagings hanteer word.
- (iv) 'n **Insig** in en 'n begrip van die plek en rol van **tradisie**, die histories-geworde, die besondere eiendomlike, instellings, samelewings en kulture.
- (v) 'n **Insig** in en begrip van die teenspel tussen **verandering en kontinuïteit** in die menslike verlede.
- (vi) Die ontwikkeling van 'n begrip van **morele waardes** gebaseer op die erkenning van die gelykwaardigheid van alle mense.

2. MOONTLIKE KRITERIA VIR DIE OPSTEL VAN GESKIEDENIS-SILLABUSSE

Die moontlike kriteria word in vier afdelings verdeel ten einde dit logies hanteerbaar te maak, naamlik:

- Kriteria wat met die besondere eienskappe van die **vakdisipline** verband hou.
- Kriteria wat op die opvoeding van die **kind** gerig is.
- Kriteria wat die belange van die **gemeenskap** verteenwoordig.
- Kriteria wat met die **onderrigbaarheid** van die inhoud te doen het.

2.1 Vakgerigte kriteria⁴

2.1.1 Die inhoud wat geselekteer en aangebied word, moet historiese **getrou, waar, korrek en verantwoord** wees. In die uitbou en nadere presisering van hierdie kriterium moet op volgende toeligting en implikasies gelet word.

(i) Om aan hierdie eis te kan voldoen, is die volgende nodig:

- **Feitelike** korrektheid
- **Volledigheid** in dié sin dat alle belangegroepes se plek, rol en belang by bepaalde historiese gebeure verteenwoordig moet word.
- Gebeure moet binne hulle **historiese konteks** aangebied en beoordeel word.
- Die bestaan van **verskillende geldige interpretasies** van gebeure moet erken, aanvaar en in die sillabusinhoud verwerk word.

(ii) 'n Streng **kronologiese** aanbieding van die inhoud is nie nodig nie. Die belangrike tydskonsep en kontinuïteitsbegrip wat in Geskiedenis sentraal staan, mag egter nie verlore gaan nie.

(iii) Ten einde dit te kan bereik, is blote pragmatiese en utiliteitsoorwegings by die keuse van inhoud onaanvaarbaar, en moet in die ses jaar van sekondêre opleiding in Geskiedenis na 'n vereenvoudigde **panoramiese beeld** van die geskiedenis gestreef word. Met 'n panoramiese beeld word nie bedoel 'n opeenvolging van tydperke nie, maar 'n seleksie van inhoud wat duidelik by die leerlinge sal tuisbring dat geskiedenis oor eeue en milleniums strek en 'n verskeidenheid beskawings, kulture, rasse, state en belangekringe verteenwoordig. 'n Vereenvoudigende seleksie om aansluiting by die kind se begrips- en verwysingswêreld te vind is moontlik. Op hierdie wyse kan Geskiedenis sy bydrae tot die ontwikkeling van beskawingsgeletterdheid lewer. Dit beteken 'n integrasie van politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele geletterdheid.

(iv) Ten einde hierdie aansluiting moontlik te maak, moet op **historiese verskynsels** eerder as kronologiese tydperke gekonsentreer word. Op hierdie wyse

kan die leerlinge se aandag op verskyningsvorme wat vir hulle relevant en begrypbaar is, gevestig word deur historiese verskynsels in verband te bring met verwante verskynsels uit hulle eie tyd of leefwêreld. Sodoende kan die probleem van konflik, botsende aansprake en uiteenlopende vertolkings hanteer word deur die aandag op die abstrakte verskynsel toe te spits en die gebeure sodoende meer rationeel hanteerbaar en begrypbaar te maak.

(v) Om die opvoedkundige vormingswaarde van die vak ten beste te benut, moet in die keuse van inhoud die klem op ontwikkeling en **vooruitgang** geplaas word. Dit moet egter só geskied dat agteruitgang, verval en negatiewe gebeure en strominge nie geïgnoreer word nie. As voorbeelde ter illustrasie: Faktore wat kulture laat groei en ontwikkel, moet meer klem kry as faktore wat agteruitgang en verval bewerkstellig. Die verloop van oorloë moet min klem kry, wel die oorsake en gevolge. Heksejagtery, townenry, sosiaal-afwykende verskynsels, moord- en doodslag moet minder aandag kry as die vooruitgang wat in bepaalde gebeure opgesluit lê.

(vi) Die inhoud moet vry van **teorie-dwang** en **ideologie-mag** geselekteer en aangebied word. Dit moet nie as die empiriese toepassing van een of ander model aangebied word nie. Die taal en terminologie moet dié van die egte historiese verstaan wees waarbinne die besondere bydrae van sosiaal-wetenskaplike konsepte en teorieë wel verreken is. Die vak moet nie onder die dwang van 'n gekodifiseerde wetenskapstaal of in die vorm van 'n geslote vaktaal aangebied word nie.

2.1.2 Die seleksie van die inhoud moet sodanig wees dat die **doelstellings** en **moontlikhede** van die vak tot sy reg kom.

In die toepassing van hierdie kriterium moet die volgende in ag geneem word.

(i) Die inhoud moet sodanig geselekteer word dat die sillabusse van standerd twee tot standerd tien 'n **eenheid** vorm wat vir

berekende progressie voorsiening maak. Laasgenoemde beteken dat die moeilikheidsgraad van die inhoud en die gevorderde aard van die vermoëns en vaardighede wat ontwikkel word, berekend verantwoord moet word en stelselmatig verhoog en uitgebou moet word.

- (ii) Die inhoud moet sodanig gekies en verantwoord word dat die leerlinge deurgaans bewus is van die **belangrikheid** en betekenis van die betrokke inhoud.
- (iii) 'n Balans tussen die **feitelike** en die **interpreterende betekenis**, tussen die **unieke** en die **algemene**, moet in die seleksie en inhoud van die sillabus nagestreef word.
- (iv) Bogenoemde kan veral bereik word deur stelselmatig van die mees konkrete na die abstrakte en van die leerlinge se onmiddellike omgewing na die meer omvattende eenhede te beweeg.

2.1.3 'n Toespitsing op **eietydse geskiedenis** (d.w.s. die afgelope geslag, ongeveer 30 jaar) in sts. 7 en 10 is nodig ten einde afgerondheid t.o.v. die geletterdheidsdoelstelling te bereik. Omdat die meeste leerlinge in st. 7 Geskiedenis die laaste keer neem, sal daar 'n mate van oorvleueling in temas wat gekies word, moet wees. Dié oorvleueling hoef egter nie 'n herhaling van inhoud te beteken nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat in die gevalle van sekere temas of modules wat gekies word - byvoorbeeld die verhouding tussen ryk en arm in die geskiedenis - die tema van die vroegste tye tot die eietydse deurgetrek kan word.

2.1.4 Die benutting van temas of modules wat op verskynsels eerder as persone of gebeure toegespits is, moet ook gepaard gaan met toespitsing op die ontwikkeling van 'n kennis van **begrippe, terminologie, konsepte en veralgemenings**. Die vermoë, waarde en beperkings van die belangrike filosofiese probleme, naamlik die verhouding van die unieke tot die algemene, moet tot sy reg kom. Meer aandag kan en moet aan die vermoë van Geskiedenis tot

veralgemening gegee word sonder om dit te verabsoluteer.

2.1.5 Die probleem van botsende en uiteenlopende vertolkings van die geskiedenis, wat meebring dat die waarheid nie absoluut kan wees nie, maak 'n **perspektiwiese benadering** noodsaaklik. Dit geld vir enige samelewing, maar in besonder vir diep verdeelde en plurale samelewings soos in Suid-Afrika. Leerlinge moet geleer word dat historiese gebeure vir verskillende belangegroepes uiteenlopende waarde en betekenis kan hê, en dat geldige vertolkings van die geskiedenis nie die noodsaaklikheid om konflik, botsende belange en teenoorstaande eise rationeel te hanteer, ophef nie. Op hierdie wyse kan leerlinge leer om histories te dink, met insig en begrip sake te beredeneer en tot verantwoorde gevolgtrekkings te kom.

2.2 Kindgerigte kriteria

2.2.1 Die inhoud moet sodanig gekies en verantwoord word dat dit vir die leerlinge in hulle bepaalde **leef- en ervaringswêreld seggingskrag** het. Dit beteken nie dat pragmatiese en utiliteitsoorwegings van wat op 'n gegewe oomblik nuttig en bruikbaar is, as uitgangspunt moet dien nie, maar dit wat vir die kind se langtermynvorming tot volwassenheid en verantwoordelike uitoefening van sy rol en funksie as lid van 'n samelewing noodsaaklik is. Dit impliseer dat die inhoud tot betekenis verwerk moet word vir die **samelewing** waarvan hy deel is en ná volwassenheid deel sal wees. Daardie soort samelewing wissel van die mikro tot die makro en sluit in die kultuurgemeenskap, die maatskaplike, die professionele, die staatkundige, die geestelike en uiteindelik die beskawings- en internasionale gemeenskap waarvan hy deel is. Die uiteenlopendheid van hierdie gemeenskapsaard moet in die keuse van die inhoud tot sy reg kom.

2.2.2 In die besondere Suid-Afrikaanse omstandighede impliseer bogenoemde dat die sillabus vir die volgende voorsiening moet maak.

- Algemene Geskiedenis wat die wording van die moderne wêreld, kultuur en beskawing uitbeeld en sy relevansie vir Suid-Afrika as 'n draer van die Westerse beskawing verteenwoordig.
- Suid-Afrikaanse geskiedenis wat die wording van die moderne Suid-Afrika in sy volle spektrum van verskeidenheid verteenwoordig.
- Afrika geskiedenis wat Suid-Afrika se besondere verbondenheid met Afrika verteenwoordig.
- Plaaslike gemeenskapsgeskiedenis en kultuurgeskiedenis wat die besondere en die kaleidoskopiese van die Suid-Afrikaanse, Algemene en Afrika geskiedenis verteenwoordig.

2.2.3 Die verskillende gemeenskapsvlakke moet op só 'n wyse in die sillabus opgeneem word dat dit aansluiting vind by die belangrike kriterium van die kind se **kognitiewe vermoëns** op verskillende ouderdomme. Leerlinge moet by hulle mees onmiddellike omgewing en samelewing - die familie en plaaslike gemeenskap en die kultuurlewe - begin en deurgaans daarin begrond word. Die eie kultuurgemeenskap moet deeglik in die leerplan begrond wees en in verhouding tot die ander gemeenskapsverbande verantwoord word. Op dieselfde wyse moet van die konkrete en die onmiddellike samelewingsverbande na die abstrakte en die verwyderde verbande beweeg word.

2.2.4 Sillabusse moet só ontwerp word dat die **verhalende styl** tot en met st. 7 oorheers, met dien verstande dat wat in 2.1.4 oor konsepte en veralgemening gesê is, tot sy reg kom. In die senior sekondêre fase moet op 'n berekende wyse na meer **ontledende** en **interpretatiewe** style oorgegaan word.

2.3 Gemeenskapsgerigte kriteria

2.3.1 Elke gemeenskap het sy **eiesoortige historiese wortels** en identiteit en kan met reg daarop aanspraak maak dat die onderrig van sy kinders hierdie besondere sal erken en eerbiedig. Daar moet dus vir

die eie kultuurgeskiedenis voorsiening gemaak word.

2.3.2 In die algemene raamwerk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis moet **al die gemeenskappe** en belange wat 'n sentrale rol gespeel het, tot sy reg kom. Daarom moet die sillabusse nóg blanksentries nóg swartsentries wees, maar histories ewewigtig, getrou en verantwoord. Indien historiese verskynsels - uitbreiding en vestiging, landbou- en veeteelt, politieke ontwikkeling, industrialisasie ens. - in die sentrum geplaas word en die rolspelers se plek daaromheen gerangskik word, kan hierdie kriterium verwesenlik word.

2.3.3 Hoe ryker 'n gemeenskap se **kultuurlewe** en hoe groter sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiese ontwikkeling, hoe groter die aanspraak van daardie gemeenskap dat die onderrig van sy kultuurgeskiedenis 'n sentrale plek in die sillabus kan inneem.

2.3.4 Terselfdertyd moet die sillabus voorsiening maak vir die onderrig van die kultuurgeskiedenis van **ander kultuurgemeenskappe** volgens keuse. Dit sal 'n belangrike bydrae tot groter kultuurbegrip lewer.

2.3.5 **Politieke geletterdheid**, rypheid en volwassenheid moet deur die onderrig van geskiedenis nagestreef word. Om dit te bereik moet die geskiedenis van verskillende politieke stelsels onderrig word met besondere klem op die demokratiese stelsel en sy variante. Veral demokratiese stelsels in homogene en heterogene plurale gemeenskappe behoort as eksemplaarstudies benut te word.

2.3.6 Die sillabus moet sodanig hanteer word dat **neerhalende, kwetsende en antagonistiese** verwysings en beskrywings vermy word. Veral die keuse van woorde en begrippe om gebeure en persone te tipeer, behoort met groot verantwoordelikheid gekies te word. Veroordelings moet vermy word en moet nie met perspektiwiese vertolking verwar word nie.

2.3.7 Die gemeenskap behoort deur sy onderwysers 'n bydrae te kan lewer om 'n

keuse van inhoud te maak. Om dit te verwesenlik moet 'n wye reeks modules aangebied word en moet die skool, met advies van die ouergemeenskap, 25% van die inhoud op grond van hulle besondere belange en behoeftes kan kies uit die voorgestelde modules. Die orige 75% moet op 'n voorgeskrewe departementele wyse gehanteer word.

keuse en vryer beweeglikheid moontlik om die kriterium in 2.3.7 gestel, te kan bereik. Tweedens maak dit wysigings en aanpassings in die sillabus veel makliker. Derdens maak dit die bestaan van een of twee handboeke oorbodig omdat kleiner eenhede, wat makliker uitruilbaar is en makliker aangepas en geëvalueer kan word, koste-effektief is.

2.4 Onderriggerigte kriteria

2.4.1 Die sillabus moet by wyse van **selfstandige modules** aangebied word. Dit het drie belangrike voordele. Eerstens maak dit groter soepelheid van

2.4.2 Die benutting van die vier terreine wat in 2.2.2 gestel is, vereis dat die sillabus só gestruktureer word dat 'n **progressiewe balans** tussen die vier gebiede bereik word. 'n Moontlike formule van hoe dit bereik kan word, is soos volg:

| | Primêr | Sekondêr | Senior Sekondêr |
|-----------------------------|--------|----------|-----------------|
| Algemene Geskiedenis | 20% | 35% | 40% |
| Suid-Afrikaanse Geskiedenis | 30% | 30% | 30% |
| Afrika Geskiedenis | 10% | 15% | 20% |
| Plaaslike Geskiedenis | 40% | 30% | 10% |

2.4.3 Die sillabus moet só ontwerp word dat dit kreatiewe leer deur verbeeldingryke **materiaal- en bronbenutting** wat die leerlinge se denke stimuleer en blote reproduksie teenwerk, bevorder. Om dit te bereik sal 'n professionele instansie tot stand moet kom om onderrigmateriaal op verbeeldingryke en wetenskaplike wyse te ontwikkel.

2.4.4 Kreatiewe leer vereis dat die klem in die sillabus en in die onderrig op die ontwikkeling van **besondere vermoëns en vaardighede** geplaas moet word. Hierdie vermoëns en vaardighede moet die leerling in staat stel om sin en betekenis in bepaalde inhoude en materiaal te ontdek en om dit op ander illustratiewe materiaal te kan toepas. Die studie van oorspronklike bronne het op skoolvlak

baie beperkinge en moet dus met groot versigtigheid hanteer word. Die materiaal wat gekies word, moet met die inhoud wat onderrig word verband hou en moet histories van aard wees. Die volgende voorbeelde van vermoëns en vaardighede dien ter illustrasie.

- Die vermoë om feite, interpretasies en argumente in 'n bepaalde teks te identifiseer en te onderskei.
- Die vermoë om uit 'n reeks feite logiese gevolgtrekkings of veralgemenende stellings te ontwikkel.
- Die vermoë om inligting te klassifiseer.
- Die vermoë om verbande raak te sien tussen gegewens wat by wyse van 'n

- spotprent, diagram of tabel voorgestel word.
- Die vermoë om 'n uitgebreide teks in sy kern saam te vat en die wesenlike daarvan kernagtig tot uitdrukking te bring.
- Die vermoë om gegewe stellinge gegewens te vergelyk en afleidings daaruit te maak.
- Die vermoë om verskillende perspektiewe te identifiseer en in lig van aangebiede kennis te evalueer.
- Die vermoë om prent-, video- of klankmatige uitbeelding van gebeure te kan hanteer.
- Die vermoë om waarhede/valshede/partydighede/vooroordele te kan identifiseer.
- Die vermoë om konsepte, begrippe en terme te kan hanteer.
- Die vaardigheid om doeltreffende lees-met-begrip te ontwikkel.
- Die vaardigheid om opsommings en raamwerke te ontwikkel waardeur kennis gesistematiseer kan word.
- Die ontwikkeling van 'n boekebewustheid en 'n naslaangeoriënteerdheid.
- Die stimulering van nuuskierigheid en weetgierigheid.

2.4.5 Die sillabus kan nie in isolasie van die stelsel van eksaminering opgestel word nie. In hierdie verband moet die volgende verreken word:

- (i) 'n Vorm van eenvormige standarde deur eksterne eksaminering om die geloofwaardigheid van standarde te verseker.

- (ii) 'n Groter verskeidenheid en variasie in eksamen vrae om veral die kriterium in 2.4.4 gestel, te verwesenlik.
- (iii) Vorme van deurlopende evaluering sodat werk wat veral t.o.v. die kriterium in 2.4.4 genoem gedoen is, beloon word.
- (iv) Die ontwikkeling van **selfstandige lees-en skryfwerk** in die senior sekondêre fase wat deurlopend geëvalueer kan word.

VOETNOTE

- 1 Vergelyk die finale verslag van die National Curriculum Council, Julie 1990 getiteld: *History for ages 5 to 16*, p. 5.
- 2 As twee voorbeelde van hoe belangrike kriteria wel geag word, vergelyk: Richard Brown: *The Future of the Past. History in the Curriculum 5-16. A Personal Overview.* The Historical Association, Londen, 1988; Geoffrey Partington: *How Can Curricula Be Analyzed? The Case for History Syllabuses.* (*The History Teacher*, 18/2, Februarie 1985, pp. 169-188).
- 3 Vergelyk die artikel van 'n lid van die Engeland *Working Group*, dr Alice Prochaska. (*History Workshop Journal*, vol. 30, Autumn 1990, pp 80 - 90).
- 4 Die Bradley Kommissie en die *Committee of Scholars in Defense of History* het die konsep historical literacy as die kern kriteria gestel waaronder sowel inhouds- as vaardigheidskriteria gestel word. Die vernaamste kritiek teen hulle benadering was dat dit buigsamheid in sillabusse sou benadeel. Vergelyk Peter N. Stearns: *The Challenge of "Historical Literacy"*. (*Perspectives* 29/4, April 1991, pp 21-23).